

Maandag 7 Maart

Skrifgedeelte: Job 14:1-22

Fokusgedeelte: Job 14:4

Christus, ons Verlosser!

Job se ellende was groot. Hy het al sy besittings verloor. Al sy kinders is dood. Daarby het hy geweldige gesondheidsprobleme ontwikkel.

In sak en as sit hy op die ashoop. Daar is wel drie vriende by hom wat hom probeer vertroos (vgl. Job 1-2), maar hulle troos is nie veel troos nie. Sy vriend Sofar sê selfs dat sy ellende sy eie skuld is. Hy moes iewers gesondig het en nou straf die Here hom (vgl. Job 11:5-6). Sofar se raad is dat hy homself moet bekeer en dan sal God hom weer seën.

Job het geweet dit is nie die waarheid nie! Hy kan homself nie red nie. Ja, hy het sondeskuld (sy jeugsondes kla hom aan, vgl. Job 13:26), maar hy besef dat geen mens enigiets kan doen om God só tevrede te stel dat God daardie persoon moet beloon en seën nie. Uit 'n onrein mens kan geen reinheid kom nie. Dus, selfs sy bekering sou nie 'n waarborg wees dat hy weer God se seën sal beleef nie.

Die enigste antwoord, dit getuig Job, is dat die reine God Self hom moet verlos. Hy glo sy Here is sy Losser (Job 19:25) en sy Here leef. Eendat gaan Hy triomfeer en Job sal in sy triomf deel.

Eeue later is hierdie geloof van Job in Jesus Christus vervul. Ons troos is: Hy is ons Losser wat in ons plek ons straf gedra het. Ons deel in Hom. Eendag sal Hy in volheid oor die aarde triomfeer.

Sing: Psalm 130:2, 3 (1936)

Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)